# JOU GOEIE GESONDHEID BY **LOMBARDY ESTATE** & HEALTH SPA

















soulstice
day spa · pretoria

**Om die regte balans in jou lewe te kry tussen werk, ontspanning en vermaak, kan 'n uitdaging wees. Meeste mense, wat in die voorstede of in die stad bly, worstel met verkeer, geraasbesoedeling, 'n vervelige omgewing en 'n gebrek aan oefening elke dag. Gelukkig is daar plekke waar geen van hierdie stresfaktore 'n probleem is nie – plekke soos Lombardy Estate and Health Spa.**

Lombardy Estate and Health Spa is geleë langs 'n wildreservaat en beslaan ongeveer 100 hektaar- vreedsame platteland in die stad – die leefstyl wat Lombardy Estate and Health Spa bied is ontwerp met jou goeie gesondheid in gedagte.

Van die 7 hektaar gevestigde tuine en parke met verskeie inheemse bome, struike, blomme en bosse, die 15 hektaar-vleigebied en omgewingsgange wat baie voëls en wild aantrek, tot die 1,5 hektaar mere en vloeiende waterweë – elke poging is aangewend om die natuurlike skoonheid van die landgoed te bewaar en verhoog.

Of jy dit geniet om te draf, stap of fietsry – jy kan dit geniet in die veiligheid van Lombardy Estate, wat spog met 'n onopsigtelike, ultramoderne sekuriteitstelsel.

Met sterk klem op gemeenskapslewe, lok die groot verskeidenheid produkaanbiedinge alle mense – van jong, enkellopende jappies tot gesinne van alle ouderdomme en afgetrede paartjies.

Vir sommiges is dit die Frank Lloyd Wright-geïnspireerde argitektuur, hervertolk vir die moderne leeftyd deur bekroonde plaaslike argitekte *Stefan Antoni Olmesdahl Truen Architects*, en *QTS Architects*, met breë stoepe en lae oorhangende dakke wat na die omgewingslandskap lei – die reghoekige voorkoms wat die uitgebreide vistas van die goed versorgde landskap verhef. Dit is hierdie unieke kenmerke wat vroeër vanjaar op die gewilde TV-tydskrifprogram *Top Billing* te sien was.

Vir ander is dit die vreedsame plattelandse leefstyl, skaars 15 minute weg van die Pretoria-middestad af, die gerief van nabygeleë skole en winkelsentrums, of die pragtige, eksklusiewe geriewe op die perseel – soos die 5-ster-hotel en -konferensiesentrum, waar jy 'n gesonde ontbyt of middagete, of selfs 'n spesiaal voorbereide aandete, wat na jou huis toe gebring word, kan geniet.

Vir die baie huiseienaars wat reeds op die landgoed woon, is die nuwe gesondheidspa wat binnekort sy deure sal open, dalk die rede hoekom Lombardy Estate and Health Spa so 'n belegging is – en nie net vir hulle gesondheid nie.

Die nuwe *Soulstice Day Spa Pretoria*, wat 1 200 m$^2$ beslaan en bestuur word deur *Spas of Distinction Collection*, sal unieke behandelings bied asook persoonlike interaksie tussen kliënte en spaterapeute, gekoppel aan bekostigbare dog luukse velsorg- en liggaamsorghandelsmerke wat interne en eksterne welstand bevorder.

"Die aantrekkingskrag tussen Lombardy Estate en *Spas of Distinction* was onvermydelik! Ons produkte ewenaar onderling uitnemendheid, innovasie en flair. Soos die huiseienaars van Lombardy Estate, daag ons onsself uit om op die voorpunt van ons bedryf te wees," sê Mark Barkett, eienaar van *Spas of Distinction Collection*.

Die klem sal wees op die skep van 'n onvergeetlike ervaring en die inkorporering van al die standaard-gesondheids- en -skoonheidspraktyke – soos masserings, gesigbehandelings, liggaamsbehandelings, manikure en pedikure – wat alles met onderskeid uitgevoer sal word.

"Ons is ook van plan om eksklusiewe pakkette en tariewe vir die huiseienaars van Lombardy Estate bekend te stel, wie ek glo die perfekte ambassadeurs is vir ons eie luukse produk," sê Mark.

Wanneer dit by 'n gesonde leefstyl kom, kan min landgoede vir jou en jou gesin hierdie voordele bied. In 'n stresvrye omgewing wat alle tipes aktiwiteite na ontspannende behandelings omsit, vier Lombardy Estate and Health Spa jou goeie gesondheid.









**Om meer uit te vind oor Lombardy Estate and Health Spa, kontak gerus vir Donovan Lallyett by 082 940 9265, Otto Pagel by 082 774 3755, Christo Steyn by 082 453 4304 of e-pos: info@lombardyestate.co.za**

LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA

**www.lombardyestate.co.za**

**Meenthuise vanaf R975 000 | Boetiekhuise vanaf R2 850 000 | Erwe vanaf R900 000**
(Pryse korrek met ter perse gaan)

WWW.SBRMIRUS.COM_LB00044_A